GRAAD 5 KWARTAAL 1				
VAARDIGHEDE	**LUISTER EN PRAAT (MONDELING)**	**LEES EN KYK**	**SKRYF EN AANBIED**	**TAALSTRUKTURE EN - KONVENSIES**
WEEK 1– 2	**Luister na 'n storie / gedig** **Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer** • Identifiseer hoofgedagtes en besonderhede • Bring met eie ervarings in verband • Bespreek en gee opinie • Neem aan groepbesprekings deel, soos kwessies wat met die teks verband hou • Vra toepaslike vrae • Gee terugvoering • Hou by die onderwerp • Reageer met empatie en respek vir ander se idees • Maak beurte **Lees hardop (voorbereid)** • Lees vloeiend en hoorbaar • Let op na leestekens • Spreek woorde duidelik uit • Gebruik toepaslike stemtoon, pousering, oogkontak	**Lees 'n storie / gedig** **Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronlêer** • Pre-lees: Maak voorspellings wat op die titel en prente gebaseer is • Gebruik leesstrategieë soos voorspelling; gebruik klank- en kontekstuele leidrade • Bespreek nuwe woordeskat uit die teks • Bespreek die sentrale idee, intrige, karakters en agtergrond • Druk gevoelens en opinies uit • Bespreek oorsaak en gevolg in die storie • Gebruik 'n woordeboek vir woordeskat ontwikkeling **Besin oor selfstandig gelese tekste** • Hervertel storie of hoofidees • Druk emosies op gelese tekste uit • Bring met eie ervarings in verband • Vergelyk boeke gelese tekste	**Skryf 'n storie / gedig** • Vooraf skryf: lees die storie / gedig en bespreek die struktuur, taalgebruik, doel en gehoor • Selekteer toepaslike inhoud vir die doel • Gebruik toepaslike taal- en teksstruktuur • Gebruik die korrekte formaat • Skryf 'n kort opsomming van die storie / gedig • Gebruik aanhalings • Maak aanbevelings • Gebruik toepaslike taal, spelling en punktuasie • Gebruik 'n woordeboek vir spelling en woordeskat ontwikkeling **Gebruik die stappe van die skryfproses** • Hou 'n dinkskrum vir idees deur kopkaarte te gebruik • Skryf die eerste weergawe • Hersien • Proeflees • Skryf die finale weergawe	**Werk met woorde** • Afbreek van woorde • Woorde met d/t; v/f • Lettergrepe en klankgrepe • Afkortings **Werk met sinne** • Sinsoorte • Tydsvorme • Ontkenning **Spelling en punktuasie** • Spelling en spelpatrone • Hoofletters • Punt, komma, uitroepteken, vraagteken • Skryftekens: kappie en deelteken **Woordeskat in konteks**

LESPLAN GR. 5 KWARTAAL 1 WEEK 1					
Vaardigheid	**Tydsduur**	**Inhoud en hulpmiddels**	**Aanbiedingstrategieë**	**Leerderaktiwiteit**	**Datum afgehandel**
Luister en praat (lied / verhalende teks)	1 uur	*Die padda wou gaan opsit by sy nooi in die vlei* Werkboek Klasboek Prent van 'n padda Woorde uit die leesstuk. indeksboekie	Leerders sing die liedjie. Vra klassikaal vrae oor die hoofgedagte en spesifieke besonderhede van die liedjie. Klasgesprek oor die karaktereienskappe van die padda, die vuurvliegie. Bespreek hoe die padda eerder te werk moes gegaan het. Praat oor luistervinke, geleenthede wanneer dit goed is om 'n luistervink te hê en wanneer nie. Behandel die uitdrukking oor "padda in die keel hê". Doen klassikaal nog voorbeelde van spreekwoorde wat met paddas te doen het. Behandel betekenis van onderstreepte woorde in sinsverband. Behandel die spelling en lettergreepverdeling van onderstreepte woorde. Hersien v-woorde.	Leerders sing die liedjie en bespreek en gee terugvoering in groepe oor die klasgesprek. Leerders skryf die woorde en die betekenisse in hul persoonlike woordeboek. Leerders skryf die sinne uit die leesstuk af in hul werkboek. Spelwoorde van Week 1 skryf die leerders in alfabetiese volgorde in hul werkboek. Leerders voltooi die oefening oor f/v-woorde.	
Skryf & aanbied (Strokiesprent)	2 uur	Padda wou gaan opsit Kriteria *Werkkaart 1* *Formele Assessering* Klasboek Inkleurpotlode Opsitkers Foto's	Verduidelik die kriteria. Leerders moet die liedjie van die "padda wou gaan opsit" in 'n strokiesprent oorskryf. Verduidelik kriteria. Onderwyser merk die werkkaart, skryf die punte op, deel die werkkaart uit vir ouerhandtekening. Neem weer die werkkaart in nadat dit by die huis was en liasseer dit in die leerder se lêer. Verduidelik die woorde. Lees eers klassikaal. Verduidelik die oorsprong van die opsitkers. Verduidelik die opdrag aan die leerders. Sit die advertensies op in die klas. Behandel ander uitdrukkings wat met kerse te doen het.	Leerders gebruik die kriteria en beplan eers hul strokiesprent of rofwerkpapier. Daarna voltooi hul die werkkaart en kleur hul prentjies in. Formele assessering gaan huis toe vir ouerhandtekening. Leerders skryf die woorde in hul werkboek. Leerders beskryf hulself en plak 'n foto van hulself en skryf so in vir die Landbouweekblad se opsitkers. Bring prente saam van kerse en illustreer spreekwoorde met kerse.	
Lees en Kyk (Koerantartikel)	2½ uur	Brulpaddas se blyplek gered Klasboek prent van padda *Werkkaart 2* *Formele Assessering* indeksboekie	Lees die inhoud voor terwyl leerders in die klasboek volg. Doen taaltoepassing: samestellings, woorde wat dieselfde klink. Behandel betekenis van onderstreepte woorde in sinsverband. Behandel die spelling en lettergreepverdeling van onderstreepte woorde.	Leerders volg in die klasboek. Leerders voltooi die assesseringsopdrag selfstandig. Formele assessering gaan huis toe vir ouerhandtekening. Leerders skryf die woorde en die betekenisse in hul persoonlike woordeboek. Leerders skryf die sinne uit die leesstuk af in hul werkboek. Spelwoorde van Week 1 skryf die leerders in alfabetiese volgorde in hul werkboek.	
		Oefening 1 Werkboek Klasboek Tydskrif	As deel van die lees aktiwiteit moet die leerders f/v woorde in alfabetiese volgorde rangskik en die ontbrekende f/v invul Skryf 'n vinnige 5-punt toets agter in die werkboek oor hierdie woorde.	Leerders doen die oefening in hul werkboek. Leerders skryf 'n vinnige 5-punt toets agter in die werkboek.	
Taalstruktuur	30 minute	Oefening 2 Leerderboek Werkboek Klasboek Tydskrif	Hersien en behandel afkortings. Hersien weer die reël van die afkortings van dae van die week, maande van die jaar. Skryf 'n vinnige 5- punt informele toetsie oor f/v woorde agter in die werkboek.	Leerders voltooi die oefening oor afkortings en knip sekere afkortings se letters uit 'n tydskrif. Leerders skryf 'n vinnige 5-punt toets agter in die werkboek.	

LESPLAN GR. 5 KWARTAAL 1 WEEK 2					
Vaardigheid	**Tydsduur**	**Inhoud en hulpmiddels**	**Aanbiedingstrategieë**	**Leerderaktiwiteit**	**Datum afgehandel**
Luister en praat (Fabel)	1 uur	Die uil en tinktinkie Werkboek Klasboek indeksboekie Werkkaart 3 *Formele Assessering* Leesboek Kriteria	Groepwerk en terug rapportering in groepverband. Bespreek karaktereienskappe en begrip. Voorbereide luidlees uit 'n leesboek. Onderwyser merk die werkkaart, skryf die punte op, deel die werkkaart uit vir ouerhandtekening. Neem weer die werkkaart in nadat dit by die huis was en liasseer dit in die leerder se lêer.	Leerders werk in groepe en bespreek die vrae en opdragte. Terug rapportering aan die klas. Hulle skryf hul antwoorde in die werkboek. Leerders berei voor by die huis vir luidlees en fotostateer die bladsy waaruit hulle vir punte gaan lees.	
Skryf & aanbied (gedig)	2 ure	*Die uil en tinktinkie* Werkboek Klasboek prent van 'n uil of tinktinkie Oefening 3	'n Gedig se strofes is geskommel. Leerders moet dit oorskryf na aanleiding van die verhaal. Behandel betekenis van onderstreepte woorde in sinsverband. Behandel die spelling en lettergreepverdeling van onderstreepte woorde. Hulpmiddels: woorde uit die leesstuk. Behandel en hersien deelteken- en kappiewoorde. Skryf 'n vinnige 5-punt toets agter in die werkboek oor hierdie woorde.	Leerders voltooi die opdrag en merk mekaar se werk. Leerders skryf die woorde in hulle persoonlike woordeboek. Hulle skryf ook sinne uit die leesstuk en deel woorde in lettergrepe. Leerders voltooi die opdrag oor kappie en deeltekenwoorde. Leerders skryf 'n vinnige 5-punt toets agter in die werkboek oor hierdie woorde.	
Lees en Kyk (Fiksie)	2½ ure	Eie storieboek Klasboek Werkboek Oefening 4 Prent van die landswapen Bingo woordspel	Leerders lees 'n hoofstuk uit hul leesboek en skryf 5 sinne oor wat hulle gelees het. Voorspelling oor wat volgende gaan gebeur. Beskrywing van karakters. Onderwyser behandel eers opdrag klassikaal. Leerders gebruik die werkboek. Oorskryf van sinne met die nodige leestekens en skryftekens. Speel Bingo met die leerders oor die twee weke se spelwoorde.	Leerders lees met begrip 'n hoofstuk uit hul eie keuse leesboek en voltooi die opdrag. Leerders skryf die teks oor met die nodige leestekens en hoofletters. Gebruik kleurpotlode en rofwerk om eers die stuk te beplan. Hulle plak 'n prentjie van die landswapen by die finale opdrag. Speel Bingo oor die twee weke se spelwoorde.	
Taalstruktuur	30 minute	Leerderboek Werkboek Klasboek *Week 1 en 2 speltoets* *Formele assessering*	Hersien konsonant en vokale, asook die tye van die werkwoord, ontkenning asook woordorde in 'n sin. Vra die woorde. Onderwyser merk die werkkaart, skryf die punte op, deel die werkkaart uit vir ouerhandtekening. Neem weer die werkkaart in nadat dit by die huis was en liasseer dit in die leerder se lêer.	Leerders voltooi die opdragte in hul werkboek. Leerders merk mekaar se werk en doen nasorg. Leerders skryf die spelwoorde wat hulle moes geleer het uit die leerderboek. Nasorg word in die werkboek gedoen nadat dit gemerk is. Assesseringsopdrag gaan huis toe om geteken te word.	